

## Praktiese punte aan gemeentes vir nadenke:

Kommunikeer duidelik dat hierdie maatreëls met die kennis en inligting wat ons nou het, is wat nou belangrik is. Dit is nie die nuwe normaal nie maar drastiese optrede vir 'n beperkte tyd. Dit mag ook vinnig verander.

Tans moet almal so vinnig en so streng as moontlik maatreëls tref om verspreiding te beperk sodat ons voor die kurwe kan bly. Ons is 'n land wat kwesbaar is met hoogs aansteeklike siektes. Bedien daarom vanuit die volgende vertrekpunte.

### Leef asof jy en almal om jou die virus het.

It is not about streaming it is about connection!

(Ons het steeds kontak met mekaar nodig maar moet na alternatiewe kyk. Ons taak is nie net om infektering te beperk nie maar ook om vir mense se *welstand* verantwoordelikheid te neem.)

Sien die tyd as 'n tyd van geloof hoop en liefde. Ons enigste troos.

### Geloofsdissiplines wat mense kan help in 'n tyd soos hierdie (wat ook lydenstyd is).

1. Afsondering [*solitude*] i.p.v. isolasie – help mense om dié geloofsdissipline te herontdek. Jesus het gereeld na 'n plek toe gegaan om alleen te wees.
2. Vas i.p.v. opgaar – dit is 'n ideale tyd om ons verbruik te evalueer en doelbewus te verminder en van sekere kosse en items te vas.
3. Gebed- gee daaglikse gebedsriglyne waar ons bid vir lande en dienste en mense.
4. Stilte – dis 'n tyd waar ons almal angstig wag, vir nuus en vir mediese oplossings, help mense om die wag ook te verstaan as 'n wag op die Here waar ons ons vertrou op hom plaas. Gee 'n eenvoudige gebed wat elkeen kan bid na elke nuus artikel of berig wat hulle lees.
5. Sang – musiek is in hierdie tyd ook 'n vorm van gebed en troos en terapie. Bv. soek op platforms soos *Youtube*, *Spotify*, *Deezer* ens 'n mooi weergawe van 'n Kyrie Eleison en luister dit herhalend
6. Offervaardigheid – dis so belangrik om te verstaan dat ons almal ekonomies swaarder kry. Dis nou die tyd om 'n **mededeelsame ekonomie** te help groei. Daag mense om weekliks by te dra vir mense of sake wat geraak is deur die pandemie.
7. Hoop – leef daaglik opnuut vanuit die hoop in Christus. Hoop dissipleneer jou om nie paniekerig of afsydig teenoor die nood te staan nie.
8. Aanbid – bied in die kerkgebou ook plekke van afsondering. Rig 'n ruimte as kapel in waar 'n kers brand en daar voorbiddings voorstelle (genade gebede) is. Bied ook vir mense geleentheid om kersies aan te steek.

## **Die volgende liturgiese voorstelle kan oorweeg word tot en met Pase:**

1. Lui die klok elke dag om 12h00
2. Hou die kerk oop (indien dit veilig is) vir individuele kerk besoek
3. Vul 'n bakkie met as wat mense help met lament.
4. Gebed ruimtes (*encounter stations*)
5. Skep intree ruimtes vir die wêreld of ander gebiede – vul 'n area met opgedateerde koerantuitknipsels of internet artikels oor wat aan die gebeur is.

## **“Streaming” en potgooi:**

Dis baie belangrik dat gemeentes steeds (die gevoel van) koinonia deur die tegnologiese platforms behou.

### **Daarom:**

- Hou weekliks relevante boodskappe – moenie “ou” boodskappe net weer plaas of iewers aflaaï nie. Neem jou eie leraar op!
- Behou kontekstualiteit – gee ook gemeente nuus soos gebedsversoeke en lief en leed van die gemeente deur.
- Gee ook 'n aanlyn liturgie saam met die preek deur – bv. liedere waarna hulle kan luister of gebede wat hulle kan bid.

## **Ouetehuse / ander barmhartigheid aksies en wenke**

1. Kontak die instansie in jou omgewing en vra watter hulp daar benodig word en versprei dit na lidmate
2. Voedingskemas: verpak kos in kardoës sakkies en laat mense dit een vir een kom haal. Probeer die samedromming bestuur.
3. Sien barmhartigheid ook as 'n geleentheid vir opvoeding. Verduidelik die aard en omvang van die virus.
4. Leer mense hande was.
5. Meet mense se koors.
6. Evalueer julle fasiliteite om dalk te dien as isolasie ruimtes as daar massa infeksies kom bv. die kategetiese lokale.

## Huwelike

1. Oorweeg 'n intieme troue, beperk tot kern familie of probeer die seremonie of dalk net die onthaal uitstel wat dan later kan dien as 'n vernuwing van hulle beloftes.
2. Indien moontlik stel troues uit – bestuur egter die trauma van verlies.
3. Dink aan 'n verkleinde intieme vriende en familie diens wat verspreid kan sit.

## Begrafnisse

1. Help geliefdes wat sou moes reis om die begrafnis by te woon om plaaslik 'n stil diens te hou- probeer jy ook kontak maak met hulle plaaslike gemeente sodat hulle so 'n stil- diens in hulle plaaslike gemeente kan hê.
2. Hou kleiner begrafnisse en sorg dat almal hande was, hulle koors geneem word en mense vêr van mekaar sit. Moedig mekaar aan om nie drukkies te gee nie.
3. Neem die diens op (al is dit met 'n selfoon) en maak dit beskikbaar vir hulle stil-diens tuis.
4. Stel voor dat die gebruik van teedrink met eetgoed afgestel word.

## Kleingroepe

1. Stop kontakbesoeke.
2. Maak elektroniese kontak – gaan digitaal.
3. Bly egter deur die week d.m.v. WhatsApp “boodskappe” in mekaar se teenwoordigheid – so verhoog die bewussyn van mekaar.
4. Bestuur die behoefte van bymekaar wees en skep 'n verwagting van wanneer ons weer by mekaar kan wees.

## Pastoraat

1. Ouete huise, kinderhuise en ander te huise moet steeds pastoraal ondersteun word.
2. Die dominee se pastoraat: vermy fisiese kontak, maar moenie die omgee na mekaar verloor nie. Doen steeds besoeke waar dit noodsaaklik is met die nodige beskerming. Onthou egter dat jy die risiko dra om ander aan te steek. Vra jouself af of jy sou gaan as jy sleg gevoel het van griep. Jy kan nou ook die draer wees sonder dat jy dit weet.
3. Gesinne – in die beperkte ruimte van ons wonings is ons nog meer as voorheen aangewese op mekaar. Ons het mekaar nodig en moet dit bevestig aan mekaar deur hoe ons kyk na mekaar, wat ons sê aan mekaar maar veral deur aanraking. Dit is lewegewend. Praat oor elkeen se verlies in die tyd. Almal is op 'n mindere of meerdere vlak getraumatiseer!
4. Begin met 'n nuwe poging van huisgeloof. Daar sal gereeld huisgeloof voorstelle op [www.dinkjeug.co.za](http://www.dinkjeug.co.za) wees.

## Seëngroet

Leer 'n nuwe groetvorm aan. 'n Voorstel is om mekaar te groet met die woorde: “**Tot omhelsing**”. Ons gebruik van Totsiens is eintlik net 'n afkorting van die sin: “Mag die Here jou seën tot ons mekaar weer sien.”

***Dus: Mag God jou seën tot ons mekaar weer kan omhels! Tot omhelsing!***